Nomades Nuusbrief en Roete Terugvoer
Desember 2013 tot Januarie 2014

Goeiedag aan elke huidige en vorige nomade lid asook enige potensiële lid.

2013 Jaarafsluiting.

Met ons 2013 Fotokompetisie het 17 Persone fotos ingestuur 48 in die Mense katogorie, 78 in die Natuur katogorie en 48 in die Vertel n storie. Die wenners was dan as volg gewees:

	1Ste plek	2de Plek	2de Plek	3de Plek
Vertel n Storie	Christo Vlok	Erika Barnard	Marius Stander	Phrina Oosthuizen
Mense	Jannes van Ryssen	Cornea Maree	Karin Krook	Wilna Moolman
Natuur	Hans Lachman	Matthys vd Hout	Helene Gertenbach	Piet v. Immerzeel

Gaan kyk gerus op www.nomades.co.za vir die fotos self.

Die stapper van die jaar was Wilna Moolman met die meeste kilometers geloop in 2013, sowat 319km.

Nomades het in 2013 altesaam sowat 3818 km gestap op 15 staproetes. Die afstand is afgelê deur 68 persone. Sommige het byna al 15 stappe gedoen, ander was net gaste of het slegs een stap meegedoen.

Kumbagana natuurreservaat – Eagle cove staproetes.

Sowat 100 km vanaf Pretoria af, wes van Pretoria, naby die Buffelspoortdam. Die padaanwysings het geblyk self *meer* van 'n uitdaging te wees as die staproetekaart!. 25 Persone het saamgegaan : Anna-Marie Lotter , Carolien Pienaar, Christo Vlok, Cornea Maree, Corrie v Rensburg, Erika Barnard, Ester de Castro, *Gerrit Botha, *Karin Smit, Helene Gertenbach, Jannes en Irma van Ryssen, Kobie Venter, *Leonoré vd Merwe, Luis Rocha, Mariet'te Naude, Marius Stander, Maryke vd Heuvel, Norma Grotius, Phrina Oosthuizen, Silvia de Jong, Vicky Oosthuizen, Wilna Moolman, JS en *Nicoline vd Merwe. Baie welkom aan al die nuwe* persone wat die eerste keer saam met ons geloop het. Ons glo julle het die stap baie geniet en ons sien uit daarna om julle gou weer te sien. Ons het in 6 vierbed houthuise by die lodge gebly. Luuks met elektrisiteit, en-suite badkamer per huisie, volledige toegeruste kombuis per huisie, swembad en Lapa. Ons het die Geel! Roetes geloop. Vrydagmiddag het almal so stuk-stuk aangekom en party het gebruik gemaak van die lekker groot swembad om af te koel. Later die middag het ons by die huisies vuur aangesteek en saamgebraai by die huisies. JS het ons weer bederf met sy heerlike roosterkoeke. Mag dit 'n gewoonte word!

Saterdagoggend 7:30 begin die grootste deel van die groep die 9 km(volgens die kaart) roete nommer 3 wat met geel voetjies gemerk is) loop. Ons het uiteraard 'n entjie verder geloop op beide roetes, aangesien ons nie by die stapperskamp gebly het nie, en die roetes begin by die Eagle Cove hut. Ons het dus met elke stap so 1.3km ekstra in en weer uit geloop vanaf ons luukse huisies na die Eagle Cove kamp en vandaar die roetes geneem. Fantastiese uitsig op die kloof en die mees interessante rots stapel formasies. Party rotse lyk of hulle op mekaar gepak is, ander lyk weer of hulle enige oomblik kan omtuimel. Die roete loop ongeveer in 'n figuur 8-formasie met die groot kloof in die middel. Om korter te loop kan net die een 'lus' van die '8' geloop word. Aan die heel-bokant van die roete het ons ook die geleentheid gehad om bietjie asem te skep en aan die anderkant van die Magaliesberge af te kyk. Ver uitsigte!. Daar is ook n plaasdam amper aan die einde van die roete waarin mens ook mag swem. JS het die geleentheid ook benut. Die groep was redelik verdeel

in die haastige stappers-groep, die normale stappers-groep en die lui-lekker-agter stappers. Maar almal het lekker teen hulle eie tempo geloop en veilig die kamp bereik per geleentheid. Volgens my opgeneemde GPS data was die totale stap 12.78 km wat die in- en uitloop ingesluit het. Die middag het, nadat die meeste mense darem al terug was, het daar n lekker buitjie reen geval, waarna sommige weer geswem het.
Die aand het ons so vanaf 17:30 in die groot lapa van die lodge vure met charcoal aangesteek en lekker gesellig saam kos gaargemaak, Waatlemoen ge-eet, gekuier, weer van JS se roosterkoeke geeet en lekker gesels waarna almal later in die donker terug is na hulle onderskeie huisies toe vir n welverdiende nagrus.

Sondagoggend het ‘n paar mense gevoel dat hulle het die vorige dag genoeg gestap het. Wilna en Christo, Jannes, JS, Erika, Norma, Vicky, Phirina en Marius het egter Sondag die sowat 6 km (volgens die kaart) roete in die kloof geloop waar ons weer op geel voetjies, roete nommer 2 in die Hamerkopkloof af is met n laaaang baie stewige aluminium leer en baie netjies stewig geboude sement en klip trappies aan die onderkant. Heel veilig, alhoewel as dit baie nat is sal dit tog ‘n uitdaging wees. Onder in die kloof gekom was die stappie eindelik baie maklik en gelyk. Al wat jammer was, was die waterpyp wat uit die kloof gaan na die plaasopstal wat die natuur so ’n bietjie bederf. Nie baie 'boulder hopping' nie. Daar is ook ‘n baie lekker swempoel wat mens sou kon benut daaronder.
Dan na sowat 1.5 km onder oin die kloof begin ons steil klim en dis net hier waar Helene en ‘n perdéby mekaar skielik ontmoet. ‘n Redelike seer ervaring. Op met die laaste steilte op uit die kloof en n bietjie bo-op die rand gerus, vanwaar ons grotendeels dieselfde pad uitloop as wat ons gister die eerste sowat 1.2 km ingeloop het. Oor en tussendeur die vreemdste klipformasies en af met die rivierlopie. Ook weer baie mooi gewees. As mens loop kyk mens mos nie gedurig agter jou nie, dus die uitsig was heel anders as die vorige dag.

n Paar stappers wat nie die die kloof roete geneem het nie, of vroeg huis toe is nie, het die 'Game walk' of fiets roete geloop rondom die Lodge op die onderste plato. Ook blykbaar ‘n lekker entjie en mooi pad. My GPS data het gesê die kloof roete nommer 2, was so 6.35 km vanaf ons hutte en terug.

Sien ook aangeheg die 'broodkrummels' en segment lengtes op my stapkaart van die roetes soos ek dit geloop het

As julle weer wil gaan terugkyk gaan besoek gerus www.kumbagana.co.za as jy internet toegang het.

Wat hou die toekoms in: (*=Roetes wat reeds vasgemaak en bespreek is en depositos op betaal is).
*21-23 Februarie stap ons Grys Ribbok naby Amersfoort/Piet Retief.
*21-24 Maart Wag 'n Bietjie naby Bothaville. Maklike dagstappe.
*18-21 April is die groot langverwagte Drakensberg Bergavontuur in die Monk's cowl/Champagne valley area. *
*23-25 Mei Thabaphaswa naby Potgietersrus.
27-29 Junie Bokkraal Waterfall naby Groot Marico.
18-20 Julie Kranskloof/Barletts naby Rustenburg.
*27 Julie-1 Aug (So-Vr). Walvis in die De Hoop natuurreservaat. Sien Cape Nature.
8-10 Augustus Langberg naby Memel/Vrede.
*Sondag 17 Augustus tot Vrydag 22 Augustus 2014 : Kosibaai staproete. (Memela/Utswaylo).
19-21 September – Moet nog bepaal word. Aangesien ons nou reeds EagleCove en Kranskloof in die Magaliesberge geloop het,dink ek aan die oornag roete vir 12 persone in die Rietvlei natuurreservaat. Naby, maklik, met n gids, goedkoop en anders.
17-19 Oktober Windy Brow – Cullinan
21-23 November Ystervark – Ficksburg/Clocolan.

Die **2014 lede** tot op hede (2013/01/31), 29 in totaal is:
Anna-Marie, Christo Vlok, Cornea Maree, Corrie van Rensburg, Erika Barnard, Ester de Castro, Gerrit Botha, Helene Gertenbach, Isabel Baatsen, Irma Jansen van Ryssen, Jannes Jansen van Ryssen, Jackie Herbst, JS Van der Merwe, Karin Krook, Kobie Venter, Koos Meintjies, Leonore vd Merwe, Luis Rocha, Maryke van den Heuvel, Magda Grobler, Mariette Naude, Marius Stander, Nick Smit, Norma Grotius, Paul Mulder, Phrina Oosthuizen, Silvia de Jong, Vicky Oosthuizen en Wilna Moolman

Voetslaan Magalies.
Voetslaan Magalies se klubaande het verskuif vanaf Tukkies waar die byeenkomste tot einde laas jaar gehou was, na die NH Kerk Philidelfia se kerksaal. Dit is steeds die laaste Dinsdagaand van die maand om 19:00 met tee en verversings na

die tyd. Elke aand word is daar n spreker wat oor 'n interessante stap-of-natuur verwante onderwerp gesels en of iemand wat foto's/videos wys van hulle stappe/toere. Altyd interessant. Januarie het hulle lede ook dan Rustig as die Beste Kort roete van 2013 en die Num-Num roetes as die beste lang roete van 2013 aangewys.
Sien ook www.magalieshiking.co.za

Roetes
'n Interessante nuwe roete is die 'Cadeau adventure trail'. Dit loop teen die kus in die Tsitsikama Nationale Park. 95Km oos van Pletenbergbaai en 160 wes van PortElizabeth. Sien www.gardenroutehikingtrail.co.za vir meer.

Dan het die 'Wag n Bietjie' staproetes anderkamp Warmbad in November 'n nuwe eienaar gekry, Pieter Goosen, wat die laaste 2 maande baie moeite gedoen het om die plaas netjies te maak en herstel/instandhoudings en verbeteteringswerk gedoen. Die Groen roete en rooi roetes is ook heelwat verleng en 'n ordentlike kaart met korrekte afstande is saamgestel. Hy beplan ook om die ou kiosk by die basis kamp 'n beter stapperskombuis te maak en dan nog storte/toilette by te voeg vir mans/dames apart. Daar is baie nuwe merkerplaatjies ook opgesit.
Die Kiosk kry dan nuwe lewe by die plaashuis waar koeldranke en dalk later items soos braaipakkies en hout/charcoal ens verkoop sal word. Die koeldranke is reeds daar te koop. Gaan kyk ook gerus by hulle webtuiste
www.wagnbietjie.com
Die chalets en Iglo's is ook iets om te oorweeg. Volledig toegerus met beddegoed, en nie soveel duurder as die stapkamp per persoon as jy n huisie vol maak nie.



Erika, Baie dankie ook vir flinke proeflees en regmaak van die teks.

Vriendelik Stappers Groete
Marius Stander :
Nomades Voetslaanklub.
Www.nomades.co.za
MariusStanderPTA@gmail.com